

Ds. A. W. C. Bester
Warmbad
15 Maart 1970

Onderwerp: Sonde en redding

Lees: Psalm 130
1 Timótheüs 2 verse 1 tot 8

Teks: 1 Timótheüs 2 verse 5 en 6

Sing: Psalm 118 verse 7 en 11
Gesang 33 vers 1
Gesang 128 verse 1 en 6

“Die Belydenisskrifte is daar vir onkundige lidmate wat nie die weg na saligheid ken nie.

“Vraag 2 van die Heidelbergse Kategismus vra: ‘Hoeveel dinge is daar vir jou nodig om te weet, sodat jy in hierdie troos^a salig kan lewe en sterwe?’¹

“Drie dinge. Ten eerste: hoe groot my sondes en ellende is. Ten tweede: hoe ek van al my sondes en ellende verlos kan word. En ten derde: hoe ek God vir so ’n verlossing dankbaar moet wees.’

“Dit opsigself is dan ook die drie dele waarin die Heidelbergse Kategismus ingedeel en behandel word.

“In die eerste deel lei die Kategismus die mens stap vir stap tot die besef van sy sonde en die oortuiging van sy eie doemwaardigheid voor God. Dit oortuig die mens van sy absolute verdorwenheid. Dan weet die mens dat hy elke gebod van God oortree het en aan almal skuldig is. Dit bring hom ook tot die ontdekking dat sy sondes nie net bestaan uit persoonlike sondes nie, maar ook aangebore sondes. Hy is in sonde ontvang en gebore.

“Hierteenoor eis God se geregtigheid volle betaling vir hierdie rekening van skulde.

“Dan kom die mens tot die besef dat hy van alle kante omsluit is deur sy eie skuld en die loon van die sonde, naamlik die dood, verdien. Dan weet hy dat hy homself nie kan red nie en dat daar ook nêrens ’n skepsel is wat hom uit hierdie veroordeelde posisie kan bevry nie. Ook nie ’n engel of heilige kan vir hom betaal nie.

^a “Hierdie troos” verwys na vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus, wat as ’n addendum aan die einde van hierdie preek verskyn.

“Terwyl die sondaar so magteloos voor die regverdige God staan, bring die Kategismus in die tweede afdeling die heerlike tyding dat daar ’n uitweg is. Redding is moontlik. Iemand het hierdie rekening van skuld betaal. Wat vir die mens onmoontlik was om te doen, het die Seun van God, Jesus Christus, as ons Verlosser en Middelaar tot God, vir ons gedoen.

“Daar is teen elke sondaar ’n skuldbrief, geskrywe met die ink van sonde. Teenoor hierdie rekening staan die onverbiddelike eis van God se geregtigheid wat geen sonde ongestraf sal laat bly nie. Daarvoor sal ten volle betaal moet word.

“Broers en Susters, lees vanmôre weer u skuldbrief. Lees dit in die lig van God se heiligheid en sy Woord; en met ’n blik in u eie innerlike lewe. U sal dan ontdek hoe groot u skuld las werklik is.

“Die HERE beveel in sy Woord dat Hy gedien moet word. Hierteenoor het ons ’n wisselvallige Godsdienst wat verdeeld is tussen God en die wêreld en nie voldoen aan God se vereistes nie. Hoe skuldig is ons nie in hierdie opsig nie! Ons het God se majesteit geskend. Sy skepsels het in opstand gekom teen Hom en verkies om die duiwel te dien.

“Nadat ons, ons skuldbrief reg gelees het en ons oë geopen is om ons eie doemwaardigheid te sien, begryp ons hoe regverdig God se eis van geregtigheid werklik is. En as hierdie besef ontbreek, is daar geen hoop nie. Maar Broers en Susters, as ons dit besef, weet ons ook dat ons bankrot is en nie kan betaal nie.

“Hierteenoor is die natuurlike mens se gebrekkige kennis van sy sonde, deel van sy jammerlike ellende. Daarom probeer die mens om sy eie verlosser te wees en God só tevrede te stel. Daar is hoeveel mense wat met ’n valse bekering, wat God nie as middelpunt het nie, probeer om goeie werke en selfverbetering as ’n verdienste na God te bring. Daar is géén betaling uit die mens self wat kan voldoen aan die geregtigheid van God nie. Die mens wat hierdie selfbetaling probeer, loën die omvang van sy skuld en begryp sy eie verdorwenheid nie. Ander wil die skuld van eie sonde en verdorwenheid op God plaas. Nóg ander ontken hul skuld en sonde asof dit nooit in hulle lewe bestaan het nie. Só maak hulle, hul sondeskuld net groter.

“Maar wanneer die mens tot die insig kom dat hy homself nie kan verlos nie, dan leer hy ook om vir die eerste maal saam met Dawid te sê: ‘Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang’ (Ps 51:7); en saam met die

tollenaar te bid: 'o God, wees my, sondaar, genadig!' (Luk 18:13)

"Dan kom die sondaar agter dat sy grootste behoefte is aan 'n Verlosser wat in sy plek kan betaal, omdat hy self nie daartoe in staat is nie. Dan leer die sondaar om weg te kyk van homself en alle reddingsmiddels wat die mens self aanbied. Hy weet nou sy skuld is groot en God se oordeel is regverdig.

"Die weg na die Hemel is deur sonde gesluit en alleen God kan dit ontsluit. Dit geskied alleen deur die herstel van die beeld van God in die sondaar se lewe; en dit kan alleen geskied deur 'n Verlosser wat aan God se eis van geregtigheid voldoen het. Dit is alleen die bloed van die Lam aan die deurpos van jou lewe, wat jou kan red - Jesus Christus se bloed wat Hy met sy kruisiging vir jou uitgestort het. Jesus Christus is ter wille van ons oortredinge deurboor en ter wille van ons ongeregtighede verbrysel. Die straf wat vir ons vrede aanbring, was op Hom. Só het Hy ons sonde op Hom geneem en God se straf in ons plek gedra, terwyl Hy ons terselfdertyd met sy geregtigheid oorklee het en daardeur ons verhouding met God herstel het.

"Vir die sondaar wat oortuig is van die mag van die sonde en God se geregtigheid, is daar hoop. Daar is vergifnis en redding in die bloed van die Lam. Hiertoe is diepe kennis van sonde nodig; 'n erkenning van ons bankrotskap en 'n oortuiging dat ons, onself nie kan red nie.

"Is dit waar vir u lewe?

"Broers en Susters, wat by die mens onmoontlik is, is by God moontlik. As die sondaar dit aanvaar, dan gryp hy die genade van God aan uit die diepte van sy skuld en roep: HERE help my!

"Dan hoor God en sê: "n Geknakte riet sal Hy [Ek] nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy [Ek] nie uitblus nie'. (Matt 12:20)

"Laat ons God en Jesus Christus uit die diepste van ons wese dank, omdat Jesus Christus ons losprys betaal het, sodat ons kan vrygaan en lewe.

"Amen."

Kommentaar:

Die *Heidelbergse Kategismus* is 'n opsomming van die Bybel, met 'n lys van verse wat elke spesifieke

boodskap in die Bybel ondersteun. Dit kan dus beskou word as 'n inhoudsopgawe van die Bybel.

Dit is op Frederik III se versoek tussen 1559 en 1576 geskryf deur Zacharius Ursinus, professor in Teologie aan die Universiteit van Heidelberg, Duitsland, in samewerking met sy Teologiese fakulteit; en Caspar Olevianus, die predikant van Frederik III. Dit is aanvanklik geskryf as 'n handleiding vir Sondagskool en om leiding te gee aan predikante en onderwysers. Dit is tydens die Sinode van Dort (1618 - 1619) aanvaar en het daarna een van die *Drie Formuliere van Enigheid* van die Gereformeerde leer geword. Dit bestaan uit 52 seksies, met elke seksie bedoel as 'n Sondagskoolles vir elke week, vir 'n jaar lank.

¹ "Hierdie troos" waarna in vraag 2 van die Heidelbergse Kategismus verwys word, is vraag 1 van die Kategismus: "Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? Dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het, en my so bewaar dat sonder die wil van my hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja ook, dat alles tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe."